

Inhoud Hierdie preek wys dat Christus God is wat mens geword het om vir ons altyd mens te wees in ons plek. Só maak Christus ons tuis in God se liefde. Christus se geboorte is nie vir ons 'n voorbeeld van wat tussen ons en God moet gebeur nie. Dit is wie Christus is om vir ons die gawe van die ewige lewe met Hom te gee. Wanneer Christus in sy geboorte tot 'n voorbeeld gemaak word van hoe God in ons gebore moet word, dan het Christus gekom om ons hel op aarde te gee. Want dan is Hy die voorbeeld wat wys dat ons nooit God genoeg vir God se liefde sal wees nie en daarom moet ons niks word sodat God alles in ons lewe kan kom word. Dit is hoe Kersfees 'n fees word waar God en mense presente uitruil: God gee sy goddelikheid vir mense en mense gee hulle menslikheid vir God. Kersfees is egter die fees van hoe God ons tuis in sy liefde kom maak het.

Skriflesing Johannes 1:1-5, 14; Joh. 3: 1-21; 1 Joh. 4: 15 – 19; 5:13.

Teks Johannes 1: 14 “Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid.

Tema Christus het mens geword om God se liefde ons tuiste te maak, nie om ons hel op aarde te kom gee nie

1. Moet wat op Kersdag gebeur het, met ons ook weer gebeur, of moet ons die gawe wat Christus op Kersdag bewerk het as gawe van ontvang?

Ons het verlede Sondag gesien dat Kersfees gaan oor twee soorte geboortes: Christus se geboorte as mens en ons geboorte uit God deur water en Gees. Ons gaan vanoggend na die inhoud en verhouding tussen hierdie twee geboortes kyk.

Die eerste belangrike vraag om die inhoud en werking van hierdie verskillende twee soorte geboorte te ontdek, is: “moet met ons ook gebeur wat met Christus op Kersdag gebeur het?”

Wat gebeur het, is dat die Woord mens geword het en onder ons kom woon het. Dit is wat Christus met Homself gedoen het en van Homself gemaak het. Kersdag het die Woord mens geword. Sonder enige onduidelikheid, of moontlikheid vir misverstand, kondig Johannes in vers 1 aan dat Christus was met die skepping, soos berig in Genesis 1, reeds daar by die skeppingsgebeure voor Hy in Betlehem gebore is.

2. Hy was nie as gees of mens daar nie, want Hy is eers miljoen jare daarna as mens gebore. In die skeppingsgebeure was Hy by God en self God. Jesus is self Skepper want alles is deur Hom geskep. Vers 3. Christus, self Skepper, wórd mens

Christus het mens geword om God se liefde ons tuis te maak, nie om ons hel op aarde te kom gee nie

van vleis en bloed in die stal van Bethlehem, om vir altyd mens van vleis en bloed te wees.

God kom lyk nie vir 'n kort rukkie soos 'n mens, vertoon Homself deur 'n mens of gebruik 'n mens om te wys hoe lyk God nie. God kom lyk nie soos 'n mens nie. God kom wys nie deur 'n mens hoe God lyk nie. God wórd óók mens, terwyl Hy Skepper is en bly.

“Word mens” beteken om altyd, ook nog vandag, mens te bly. Jesus het nie na sy dood opgestaan om 'n engel, 'n gees of goddelike wese te word nie. As Skepper het Hy mens geword om mens te wees terwyl Hy Skepper is: Christus self is God met ons en mens wat in Bethlehem gebore is in die hemel.

Om te glo in Jesus Christus beteken om Hom te vertrou vir wie Hy vandag is- Woord wat mens geword het – vandag Skepper en skepsel!

3. Wat gebeur wanneer die Woord mens word?

Johannes stel dit kort en kragtig: God kom woon onder ons. Christus “kom” beteken eerstens dat God Hom tot ons toekeer, na ons toe draai. Om mens te word, is God se toekeer na die mens toe. “Woon” beteken verder dat Christus maak God tuis met sy kinders en sy kinders tuis met Hom. Tuis is waar God en mens met mekaar tuis is. Christus wat god is en mens word, is hoe en waar God met sondaars tuis is.

'n Huis is 'n leë gebou. Liefde maak 'n huis 'n woning. Só maak God se liefde sy teenwoordigheid vir ons 'n tuis. Die betekenis van die woord “ewige lewe” is om tuis te wees en te leef in die liefde wat God vir jou gee. Johannes stel dit só: “En ons ken die liefde wat God vir ons het, en ons glo daarin. God is liefde; wie in die liefde bly, bly in God en God bly in hom.” 1 Joh.4: 16. “Waar liefde is, is daar geen vrees nie ... Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het.” 1 Joh. 4: 18,19.

Hierdie tuiswees gaan nie net oor die liefde wat ons ontvang nie. Dit gaan ook oor die liefde wat ons gee. Tuis wees in God se liefde gaan oor sy eerste liefde wat maak dat ons ook ons wederliefde aan God kan gee. Hy maak Christus die tuis waar ons gemaklik leef in die liefde wat God vir gee en ons gemaklik kan leef met die liefde wat ons aan God gee.

Daarom gaan die sin in 1 Joh. 4:19 “Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het.”, nie eerstens oor die volgorde van liefde wat vir mekaar gegee word nie, maar oor die tuiswees in 'n liefde wat God skep: God skep vir ons sy liefde vir ons en ons liefde vir Hom. In hierdie liefde is god met ons as sondaars in Christus tuis.

4. Die liefde waarin God ons tuis maak, neem alle vrees weg dat ons vir liefde nie goed genoeg is nie. Johannes stel dit in sy brief só: “Waar liefde is, is daar geen

vrees nie, maar volmaakte liefde verdryf vrees, want vrees verwag straf, en wie nog vrees, het nie volmaakte liefde nie. (4:18) Hierdie volmaakte liefde is die liefde wat God vir ons het. Die liefde wat geopenbaar het in die geboorte van Christus as mens in ons plek soos dit in 4: 9,10 gestel word: “Hiérin is God se liefde vir ons geopenbaar: sy enigste Seun het Hy na die wêreld toe gestuur sodat ons deur Hom die lewe kan. Werklike liefde is dit: nie die liefde wat ons vir god het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes.”

Christus sluit ons in 'n liefde in waarin daar geen veroordeling is vir die liefde wat ons vir Hom gee nie, al is dit nie soos ons liefde vir Hom volgens sy wet moet wees nie. Dit doen die Here deur die wet op 'n nuwe wyse vir ons te laat werk. Die nuwe wyse waarop die wet werk is dat ons ingesluit is in die veroordeling en straf van Christus vir ons sonde en ons ingesluit is die liefde wat Hy vir God geleef het.

Wanneer ons dan die geboorte van God gehoorsaam is dit in ons eenheid met Christus gehoorsaamheid wat volkome in die liefde is en ons oortredings ons nie toegereken word nie. Daarom stel Johannes dat hierdie nuwe liefde volgens God se wet in ons eenheid met Christus nuwe gehoorsaamheid aan 'n nuwe wet is: “dat die werklik so is, is te sien in Jesus en ook in julle,” Daarom word hierdie gehoorsaamheid aan God se geboorte ook “maklik” genoem 5: 3 omdat ons dit uit ons geloof in ons eenheid met Christus doen waarin daar geen veroordeling vir ons liefde is wat nie volgens die wet volkome is nie.

5. Wat noem 'n mens dit wanneer God jou wys dat jy nie sy liefde werd is nie en dat jou liefde vir Hom net nooit goed genoeg is nie?

Dit is veroordeling. Veroordeling is om vir God se liefde nie goed genoeg nie, en in jou liefde vir God te sleg bevind te word. Dit is die hel. Die werklike hel is wanneer jy deur God te sleg bevind word om liefde te mag ontvang en te kan gee. Liefde wat verwerp word en veroordeling vir liefde wat gegee word, is die werklike hel! Die hel waarin jy vir altyd weet dat my liefde is net nooit goed genoeg vir God en ek is ook net nooit goed genoeg vir God se liefde nie.

'n Huis waarin jy net goed genoeg vir liefde is en jou liefde altyd verwerp word as te sleg, is 'n huis wat hel geword het.

- In so 'n huis is jy bevange in die oordeel oor jou liefde en word jy 'n gevangene om altyd binne die veroordeling van jou liefde te leef.
- In so 'n huis word jy altyd aangekla vir die liefde wat jy gee en aangekla vir die liefde wat jy nie mag ontvang nie
- In so 'n huis word jy vir die liefde wat jy gee altyd beskuld en as beskuldigde altyd van liefde weerhou

Christus het mens geword om God se liefde ons tuis te maak, nie om ons hel op aarde te kom gee nie

- In so 'n huis moet jy altyd jou liefde verduidelik en verdedig as ware liefde omdat dit nie as ware liefde aanvaar word nie
- In so 'n huis staan die bedoeling van jou liefde altyd onder verdenking
- In so 'n huis word jy altyd vir die liefde wat jy gee veroordeel en gestraf.

So 'n huis is hel! Daarom stel Christus dat Hy as God nie mens geword het nie om ons te veroordeel as te sleg vir liefde nie, dit is juis die liefdesgebot van Moses wat dit met ons doen. Christus het mens geword om ons tuis te maak in God se liefde. Joh. 3: 17 -19.

6. Johannes gee die volledigste uiteensetting van Christus se veroordeling onder Pontius Pilatus van 18:28 tot 19:16. Met 19:13 wys Christus dat sy veroordeling is 'n daad van God.

- Hy is gevange geneem met 'n lasbrief vir arres 18:12;
- Hy word as sondaar amptelik in die hof aangekla. 18:29;
- volgens God se wet oorgelewer aan die hof. 18:30;
- Hy moet Homself teen sy aanklag verweer, maar doen dit nie. 19:9,10; Hy word onskuldig bevind volgens die gemenereg 19:16
- maar word volgens die wet van God deur die Jode skuldig. 19:17; Hy word oorgelewer as veroordeelde. 19:16.

Só word Christus deur God onskuldig die veroordeelde sondaar in ons se plek, sodat hulle wat in Hom ingesluit is, nooit ooit weer deur God aangekla, beskuldig of veroordeel sal word nie.

Dit is hoekom Christus stel dat Hy nie gekom het om ons te oordeel nie, maar van die oordeel te red: hy is in ons plek die veroordeelde. 3: 17, 18. Daarom het ons geen vrees dat met die oordeelsdag ons vir God verduidelikings en pleitredes vir ons sonde sal moet gee nie. Ons verskyn nie as veroordeeldes nie maar as God se kinders wat in sy volmaakte liefde ingesluit is: "Hierin het die liefde sy doel volkome met ons bereik: ons het niks te vrees vir die oordeelsdag nie, want in hierdie wêreld lewe ons reeds deur die liefde net soos Jesus. Waar liefde is, is daar geen vrees nie, want vrees verwag straf, en wie nog vrees, het nie volmaakte liefde. 1 Joh. 4: 17,18.

Christus sluit ons in sy volmaakte liefde in waarin ons nooit weer die oordeel vrees dat ons te sleg is om God se liefde te ontvang of vir God mag liefhê nie.

7. Geestelikes maak Kersfees hel!

Johannes wys dat dit die Satan se werk in die hemel was om gelowiges as veroordeeldes aan te kla, maar dat Christus hierdie mag gebreek het deur in die hemel vir ons as veroordeelde in ons plek in te tree: "Die aanklaer is van Satan is uit die hemel uit gegooi, hy wat hulle dag en nag aangekla het." Open.12:10. Van toe af

Christus het mens geword om God se liefde ons tuiste te maak, nie om ons hel op aarde te kom gee nie

veroordeel Satan gelowiges op aarde gelowiges deur geestelikes wat in Jesus se hulle veroordeel. (Open. 12: 17 en 13: 11- 18).

Geestelikes maak Kersfees hel deur die aankondiging dat mense moet sórg en kýk dat hulle wedergebore word! Volgens hulle is wedergeboorte dan dat God weer in jou as mens moet word, soos die Woord met Kersfees vlees geword het. Só wys Christus se geboorte nou kamstig wat God binne in jou wil kom doen.

Dit is wat hulle bedoel met Open.3: 20: “Kyk, Ek staan by die deur en klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek by hom ingaan en saam met hom feesmaal hou en hy met my.”

Vir hulle beteken dit dat jy jou lewe en hart moet oopmaak sodat God in jou kan inkom en weer in jou vlees kan word. Voor God kan inkom, moet jy egter die volgende doen:

- jy moet erken dat jy te sleg vir God se liefde is;
- jy moet erken dat jy voor God veroordeel en skuldig staan;
- as veroordeelde moet jy self jou eie-ek kruisig en doodmaak deur jouself te ontken;
- jy moet die beheer van jou eie lewe aan God oorgee omdat jy te sleg is om besluite te neem, keuses te maak en aanspreeklikheid te aanvaar.

So maak hulle Kersfees die hel van selfveroordeling om God weer in hulle mens te maak. Want die huis wat god vir jou 'n tuiste gemaak het om in sy liefde gemaklike wees met die liefde wat jy vir God het, is die huis waarin God jou nou altyd sou laat weet dat jy nie goed genoeg vir sy liefde is nie en jou liefde vir Hom ook net nooit genoeg vir Hom sal wees nie.

8. Deur vir ons, in ons plek, 'n sondige mens te word, bewerk en gee Christus vir ons die ewige lewe. Die ewige lewe is om in God se liefde ingesluit te word, en deur sy liefde Hom ook weer as God te kan en mag liefhê volgens sy gebooe.

Die ewige lewe is nie 'n present nie. Dit is nie iéts nie. Dit is die gawe om 'n lewe saam te deel. Die ewige lewe is die gawe dat ons ingesluit is by wie Christus vir ons vandag as mens in die hemel is, om alles wat Hy as mens in ons plek vir ons was, met ons te deel. Dit is die gawe om Christus se lewe as mens vandag met Hom te deel: “God het ons die ewige lewe gegee, en dié lewe is deur sy Seun. Wie die Seun het, het die lewe; wie nie die Seun het nie, het ook nie die lewe nie.” (1 Joh.5: 11,12)

Gelowiges vier Kersdag as die dag waarop God onder ons kom woon het. Geestelikes vier Kersfees as presente-tyd!

Hulle glo dat Jesus mens geword het om te wys God en mens moet presente uitruil: God kry mense se menslikheid en mense kry God se goddelikheid. Mense moet vir God hul lewe, hul hart, die beheer van hul lewe, hul dooie “ek”, wat hulle binne in hul self gekruisig en doodgemaak het, as presente gee. Dan gee God aan hulle weer die present gee om as God in hulle lewe in te kom en sy goddelike krag, sy goddelike lewe en goddelike mag aan hulle as presente gee.

Kersfees is nie presente-tyd tussen God en mens nie. Dit is die tyd waarin God mens geword het om ons in sy liefde in te sluit.

9. Geestelikes maak Kersfees hel! Hulle doen dit met God se Woord, maar op so wyse dat God se Woord nou liefde veroordeel en mense met God moet presente uitruil.

Hulle doen dit veral met die vers Openbaring 3:20: “Kyk, Ek staan by die deur en klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek by hom ingaan en met hom die feesmaal hou, en hy met my.”

Hulle maak hierdie vers op die volgende wyse letterlik!

Volgens hulle beteken hierdie vers dat God buite jou en jou lewe staan. Hy wil graag as God in jou as mens se lewe inkom om God binne in jou te wees, maar Hy kan nie. Vir God om in jou lewe in te kom, moet jy eers vir God jou lewe oopmaak.

Die wyse waarop jy God in jou lewe en hart kan laat inkom is om vir God plek te maak. Daar is nie vir jou en God genoeg plek binne in jou nie. Daarom moet jy weg sodat God kan inkom. Die wyse waarop jy God laat inkom is dan:

- Jy moet jouself aankla en beskuldig as nikswerd en sleg.
- Wat jou nikswerd en sleg maak is jou eie-ek binne in jou
- Jy moet dan jou self, dit is jou eie-ek, vir God sien as nikswerd en sleg (veroordeel), kruisig (vervloek), doodmaak (straf), verwerp (ter helle neerdaal), self van die troon van jou hart afklom en jouself uit die middelpunt van jou hart en lewe verwyder
- Deur dit te doen gee jy jou lewe vir God as offer
- So maak jy die deur van God van jou hart en lewe oop.
- Dan moet jy God uitnooi om alles wat Hy as God in binne in jou te kom wees.
- Doen jy dit gebeur die feesmaaltyd dat God jou sy goddelikheid binne jou as geskenk kom gee omdat jy vir God die present van jou hart en lewe gegee het.
- So gebeur die wonder van Kersfees weer binne jou: God word weer mens binne in jou soos God mens geword het in die stal van Bethlehem.

10. So maak geestelikes Kersfees hel op aarde!

Christus het mens geword om God se liefde ons tuiste te maak, nie om ons hel op aarde te kom gee nie

Volgens hulle het Christus nie mens geword om ons die gawe van God se liefde as tuiste te gee nie. Christus het net vir ons kom wys wat ons moet doen sodat wat met Hom gebeur het met ons ook kan gebeur: God kan ook binne in ons gebore word soos Christus mens geword het.

So het die Woord nie net eenkeer mens geword om vir altyd vir ons mens te wees in ons plek nie. So wys Jesus maar net vir ons hoe God weer in en deur ons mens kan word op aarde.

Hierdie selfopgemaakte nuwe wonder dat God in en deur weer mens moet word, gee vir ons hel op aarde.

Want vir die res van jou lewe moet jy elke dag, die hele dag jou eie-ek, en jou eie-lewe veroordeel, kruisig, doodmaak en verwerp. Want dit is nie goed genoeg vir God se liefde nie. Vir God moet dit weg en dood wees voor Hy God kan wees in jou!

Jy en jou eie liefde waarin jy jouself is, is ook net nie goed genoeg vir God se liefde nie. Daarom moet jy wyk uit jou eie lewe en ophou om jouself te wees en aan God die totale beheer van jou self wees oorgee.

Binne in jouself moet jy vir die res van jou lewe in die selfgemaakte hel leef dat jy en jou liefde vir God net nie goed genoeg is nie. Jy is net goed genoeg om niks te wees sodat God alles deur jou kan wees wat Hy as God wil wees.

12. Moet met ons weer gebeur wat met Christus op Kersdag gebeur het of moet ons die gawe ontvang wat Christus vir ons bewerk het deur mens te word?

Ons moet die gawe ontvang! Nie oordoen wat die Here gedoen het nie! Nie naboots wat die Here gewys het nie, want Hy het niks gewys wat ons moet doen nie. Hy het gewys wat Hy kom doen wat ons nie self kan doen en wees nie.

Daarom beteken om die deur oop te maak niks anders as wat die apostel in Johannes 1 vers 12 stel nie: die wat in Hom glo vir wie Hy is en wat Hy vir ons doen, ontvang die gawe om kinders van God te wees.

Kersfees is die fees van God se gawe aan ons! Die gawe om as God se kinders aangeneem te word sodat ons tuis kan wees in sy liefde. God se liefde is ons tuiste! Kersfees is nie 'n fees van presente uitruil tussen ons en God nie: sy goddelikheid vir ons en ons menslikheid vir God nie.

Christus het nie vir ons hel kom gee nie. Hy het vir ons die liefde van God as gawe kom gee.